**Die Here Jesus het waarlik opgestaan**

**Joh 20:1-18**

**19 April 2026**

1. Vantevore: Die Here Jesus was in beheer van Sy sterwe in lyn met die volmag van Sy Vader. Verskeie bewyse Hy het waarlik gesterf: soldate besef Hy was reeds dood, steek 'n spies in Sy sy – water en bloed kom uit (teken van regverdigmaking en heiligmaking), Johannes het dit gesien en getuig daaroor, Skrifuitsprake is vervul. Die Here Jesus ontvang begrafnis van 'n Koning. Hy het gesterf/gerus toe Sy verlossingswerk aan die kruis klaar was, soos die Vader gerus het van Sy skeppingswerk toe dit klaar was.
2. Gebeure in Joh 20:1-18
    a. Maria Magdalena gaan op eerste dag van die week toe dit nog donker was, na die graf (v1)
    b. Maria besef Sy liggaam is weg – gaan na Petrus en Johannes (v2)
    c. Petrus en Johannes gaan na graf toe, en eventueel in – hulle sien Sy liggaam is weg, maar die doeke is daar, ook die kopdoek netjies opgerol – Johannes glo (v3-8)
    d. Johannes het geglo, maar nog nie al die Skrif verstaan nie (v9-10)
    e. Maria Magdalena keer terug na graf – sien twee engele: "Waarom huil jy?" (v11-13)
    f. Maria sien die "Tuinier" en wil weet waar is Sy liggaam (v14-15)
        i. Erken nie die Here Jesus nie – weens Sy opstandingsliggaam? (vgl 1 Kor 15:42-44)
    g. "Maria!" "Rabboeni" (v16, vgl Joh 10:2-3)
    h. Die volgende stap is op hande: die Here Jesus se hemelvaart, gaan vertel Sy broers (v17-18)
3. Wat wil Johannes kommunikeer deur Sy vertelling van die Here Jesus se opstanding?
    a. Die Here Jesus het waarlik opgestaan
        i. Beskryf bewyse: Maria Magdalena, Johannes, Petrus, linnedoeke, later nog meer
        ii. Ander evangelies en Paulus beskryf nog meer getuies (vgl 1 Kor 15:6-8)
    b. Die fokus op Maria Magdalena
        i. Eerste persoon om opgestane Here Jesus te sien: Sy was soekend, die Here Jesus kom na haar, roep haar op haar naam – tipies van alle gelowiges
        ii. As die opstanding net 'n storie was, sou Maria Magdalena nie die eerste gewees het om Hom te sien nie (Calvyn)
    c. Die detail in Johannes se vertelling
        i. Gen 1:1-5: In die begin, skepping was donker, 1ste dag lig – en dit was goed
        ii. Joh 1:1-5: In die begin, Here Jesus is die lig, duister kon dit nie oorwin nie
        iii. Joh 20:1: 1ste dag van die week, dit was nog donker – toe word dit lig, die Here Jesus staan op – steeds sien mense die lig – duisternis oorwin nie
        iv. Tuin: plek van graf en opstanding
        v. Tuin van Eden: Eva sondig eerste, dan Adam, Here kom in middagkoelte, mens kruip weg, "Waar is jy?", dryf mens uit die tuin – donker nag in (Gen 3)
        vi. Joh 20: Maria gaan in donker na die tuin, "Waar is Hy?" Jesus vind haar, "Maria", stuur Maria uit die tuin – na Sy broers met boodskap van opstanding en hemelvaart
        vii. Eva bring boodskap van dood na Adam, Maria Magdalena bring boodskap van lewe na Sy broers